Publication: Beeld (Uitgawe 1)

Date: Wednesday, March 27, 2024

Page: 17

# ’n Ondiens aan demokrasie



**Aktueel**
Daryl Swanepoel

Die sekerheid waarmee vele kommentators aanvoer dat die ANC op die punt van ondergang staan, herinner ’n mens aan Mark Twain se bekende woorde: “The reports of my death are greatly exaggerated.” Myns insiens is die media-opskrifte wat dit uitbasuin dat die ANC binnekort die weelderige kantore in die Uniegebou sal moet ontruim, erg oordrewe.

Of die ANC aan die bewind bly of nie, is nie waaroor dit gaan nie. Van belang hier is die gevaar wat “aangedikte feite” vir demokrasie en die uiteindelike aanvaarding van die verkiesingsuitslae as geloofwaardig inhou.

Ofskoon ’n deeglike studie van die data uit die meeste peilings daarop dui dat die ANC heel waarskynlik aan die bewind sal bly, hetsy op sy eie of in koalisie met ’n kleiner party, word mediaverbruikers voortdurend wysgemaak dat die ANC se steun tot minder as 40% gedaal het en daar ’n werklike moontlikheid bestaan dat die huidige opposisie deur middel van die een of ander koalisiereëling die leisels van die land sal oorneem.

Die Inclusive Society Institute (ISI) se eie peiling, wat deur Ipsos onderneem is, is byvoorbeeld op dié manier in media-opskrifte verdraai: Een koerant het ewe kordaat berig “ANC-steun kwyn tot 33%”, hoewel ’n ontleding van die ISI-data inderwaarheid op ’n uitslag van iewers tussen 48% en 52% vir die ANC op nasionale vlak dui.

Die verskil het onder meer te doen met die toekenning van die antwoorde “Weet nie” en “Wil nie sê nie”, en herberekeninge om voorsiening te maak vir die verskil tussen stemgeregtigde en geregistreerde kiesers, asook verskillende verkiesingsdeelnamescenario’s.

Jy wonder dalk: Maak dit dan regtig saak?

Die probleem is dat grootskaalse wanvoorstelling die publiek teësinnig kan maak om die uiteindelike verkiesingsuitslae as betroubaar en geloofwaardig te aanvaar. Sommige burgers wat in die maande voor die verkiesing gebombardeer word met die boodskap dat die ANC ongetwyfeld in die hek sal duik, sal stellig die verkiesingsuitslae in twyfel trek indien die regerende party uiteindelik weer as wenner uit die stryd sou tree. En dít kan op sy beurt olie op die vuur wees vir diegene wat graag die geloofwaardigheid van instellings soos die Verkiesingskommissie (OVK) wil ondermyn. Sommige sal sê die verkiesing is gesteel, terwyl dit eintlik verdraaide peilings is wat tot verkeerde gevolgtrekkings gelei het.

Die geskiedenis is besaai met betreurenswaardige voorbeelde van oproer wanneer verkiesingsuitslae anders uitdraai as wat verwag is. Dít kan ons allermins bekostig of toelaat.

In afsondering beskou, is ’n mens dalk geneig om te dink verdraaide peilings is nie ons tyd en energie werd nie.

Dan hoor ’n mens van die DA se onlangse beroep op buitelandse Westerse regerings om hulpbronne beskikbaar te stel vir parallelle kieser-tabellering. En daarmee saam die waarskuwing dat ’n daling in ANC-steun tot onder 50% aansienlike risiko’s inhou “omdat die regerende elite meer desperaat word om in die aanloop na die verkiesing kiesers se steun te behou” en “dalk bereid sal wees om hul eng politieke belange bo ons land se groter belange en ons kosbare grondwetlike waardes te stel”.

Boonop dreig die MK-party dat hy die land onregeerbaar sal maak indien hy nie sy sin kry nie.

Dít is presies waarom die verspreiders van inligting moet sorg dra om akkuraatheid, balans en konteks te verseker.

Vir die rekord: Geen nie-ANC-koalisie kan in dié stadium sonder die EFF gevorm word nie. En dít is uiters onwaarskynlik as ’n mens die veelbewoë geskiedenis van opposisiekoalisies in Gauteng en die diep ideologiese verskille tussen die opposisiepartye in gedagte hou.

’n Ander teoretiese konfigurasie is ’n grootse koalisie tussen die ANC en die DA of die Veelpartyhandves vir Suid-Afrika, maar ook dít is hoogs onwaarskynlik omdat die Veelpartyhandves se boodskap juis om die uitskakeling van die ANC draai.

Natuurlik kan die partye se lot in die maande wat voorlê, nog aansienlik verbeter of versleg namate hul veldtogte ontvou.

Laat dit dan so wees. Maar hul lot behoort te verander op grond van akkurate en eerlike beriggewing, en nie op grond van vals berigte nie. Want indien hul lot ondanks die vals berigte nié verander nie, bied dit ’n vrugbare teelaarde vir onnodige oproer – iets wat ons reeds gekwelde land nie nou nodig het nie.

■ **Swanepoel is die uitvoerende hoof van die Inclusive Society Institute.**



**Die probleem is dat grootskaalse wanvoorstelling die publiek teësinnig kan maak om die uiteindelike verkiesingsuitslae as betroubaar en geloofwaardig te aanvaar.** Foto: ISTOCK

This material has been copied under a Dalro licence and is not for resale or retransmission.